

# FILLOKSERA: MOENIE DIÉ ONGESIENE VYAND ONDERSKAT NIE

## WAT IS FILLOKSERA?

Filloksera (*Daktulosphaira vitifoliae*) is 'n baie klein tipe plantluis wat slegs op wingerd (*Vitis spesies*) voorkom en nie met die blote oog sigbaar is nie. In Suid-Afrika kom dit hoofsaaklik op die wortels voor en verkies grond met 'n swaarder tekstuur (<60% sand). Dit is wêreldwyd 'n ernstige plaag van wingerd en het byna die Suid-Afrikaanse wingerdbedryf gekelder nadat dit die land in 1886 binnegekom het. Die bedryf is gered deur wingerd op weerstandbiedende onderstokke te ent.

### Simptome en verspreiding

Kenmerkende haakvormige galle vorm op fyn wortels waar filloksera voed (Fig. 1). Dit verswak die wortelstelsel en het 'n ernstige impak op die stok se prestasie. Erg besmette stokke vrek mettertyd. Filloksera het 'n komplekse lewensiklus, maar slegs vlerklose wyfies wat sonder paring voortplant, kom in Suid-Afrika voor (Fig. 2). Die insek oorwinter op wingerdwortels as eerste instar larwes wat selfs onder 'n mikroskoop moeilik sigbaar is. Filloksera versprei deur besmette plantmateriaal en deur besmette grond wat aan implemente, voertuigbande of skoene vasleef.

### Is filloksera nog 'n bedreiging?

Onderstokke se weerstand teen filloksera is nie absoluut nie en lae getalle filloksera kan op weerstandbiedende onderstokke voortbestaan. Solank so 'n onderstok onder optimale toestande sterk groei, kan dit selfs hoë getalle filloksera weerstaan. Indien toestande egter sub-optimaal word (teenwoordigheid van aalwurms, hitte of droogte stres, versuipde grond), verswak die weerstand en filloksera kan die oorhand kry.

'n Onlangse opname (2020 – 2022) het bevind dat filloksera in al die gebiede waar tafel- en droogdruive in the Wes-Kaap en Noord-Kaap verbou word, teenwoordig is. Lae getalle galle en filloksera kom op weerstandbiedende (R99, R110) en matig weerstandbiedende ((US 8-7, 143B, Ramsey, Paulsen) onderstokke voor. Alhoewel daar tans geen aanduidings is dat dit die stokke se prestasie negatief beïnvloed nie, bestaan die risiko dat getalle vinnig tot skadelike vlakke kan vermeerder



Fig. 1. Haakvormige galle op fyn wortels waar filloksera voed.

**TABEL 1. FILLOKSERA WEERSTANDBIEDENDHEID VAN SEKERE ONDERSTOKKE VOLGENS LOUBSER ET AL. (1987).**

Weerstandbiedend			
99 Richter	P.S. 99 Richter	110 Richter	
Matig weerstandbiedend			
Ramsey	143-B Mgt	101-14 Mgt	Dogridge
775 Paulsen	1045 Paulsen	US 8-7	1103 Paulsen
3306 C	Berlandieri 13/5	140 Ruggeri	Grezo1-1
161/49 C	Kober 5 BB		
Matig vatbaar			
Teleki 5B			
Vatbaar			
Jacquez	1202 C	C Metallica	Teleki 5C



Fig. 2. Filloksera op wortelgal.

indien stresfaktore die groeikrag van die onderstok laat afneem. Indien nuwe wingerd op vatbare onderstokke in besmette grond geplant word, kan filloksera die jong stokke laat vrek.

### Hoe weet ek of daar filloksera in my wingerd is?

Daar is geen kenmerkende simptome bogronds nie. Inspekteer fyn wortels vir die teenwoordigheid van galle gedurende die somer (Desember tot Februarie) wanneer fillokseragetalle en galle op hul meeste is. Stuur 'n monster na 'n kenner om die teenwoordigheid van filloksera m.b.v. 'n mikroskopiese ondersoek te bevestig.

### Aanbevelings

- Produsente moet bewus wees van die risiko wat filloksera inhou en weet of filloksera in hul wingerde voorkom.
- Produsente moet daarop aandring dat plantmateriaal fillokseravry is.
- Filloksera moet beheer word in wingerde wat onderstokmateriaal aan kwekerie lewer.

- Indien filloksera in 'n wingerd wat herplant gaan word teenwoordig is, moet 'n sistemiese middel wat vir na-oes witluisbeheer geregistreer is, toegedien word sodra die laaste oes verwyder is.
- Nuwe stokkies moet op 'n filloksera-bestande onderstok geënt wees. Dien weer 'n sistemiese middel na bot toe om te voorkom dat die jong stokkies deur witluis (wat rolblaarvirus oordra) en oorblywende filloksera in die grond, gekoloniseer word. Jong stokkies wat nog nie baie sterk groei nie, se weerstand is dikwels nog nie voldoende om hulle genoegsaam teen filloksera-aanvalle te beskerm nie.

### VERWYSINGS

Loubser, J.T., Ferreira, J.H.S. & De Klerk, C.A. 1987. Weerstandbiedendheid van Wingerdonderstokke teen Knopwortelaalwurm, Filloksera, Kroongal en Phytophthora. Wynboer Tegnie No. 19: 4-6.

**Verdere navrae:** Skakel Dr Elleunorah Allsopp by 021 809 3007 of [allsoppe@arc.agric.za](mailto:allsoppe@arc.agric.za)



ARC Infruitec-Nietvoorbij  
Private Bag X5026  
Stellenbosch  
7599